BFN-skole nou deel van unieke onderrigprogram

MARINÉ JACOBS

Drie hoërskole in Heidedal, Bloemfontein het onlangs deel van 'n hoogs suksesvolle telematiese uitsending-onderwysprogram geword. Díe skole, Dr. Blok, Petunia en Heatherdale Sekondêre skole, vorm deel van die Wes-Kaapse onderwysdepartment in samewerking met Stellenbosch Universiteit (SU), se revolusionêre telematiese uitsendingsprogram. Só vertel Antoinette van der Merwe, senior direkteur van Telematiese Dienste by SU.

Die telematiese sentrum wat op Dr. Blok se skoolgronde geleë is, is vroeër vandeesmaand bekendgestel. Daniel MacPherson, hoof van dié skool, het tydens die bekendstelling gesê die sentrum dra by tot 'n gemeenskaplike doelwit van gehalte-onderrig. "Slegs deur onderrig kan ons die siklus van armoede breek," het hy gesê.

Van der Merwe vertel uitsendings word vanaf 'n volledig toegeruste uitsendingsateljee op die SU-kampus gedoen en na 219 deelnemende skole uitgesaai. Leerders van die betrokke skole kom dan by klaskamers bymekaar waar die nodige toerusting geïnstalleer is en ontvang deur middel van die uitsendings onderrig in vakke soos wiskunde, skeinat, fisiese wetenskappe en meer. Die telematiese "klasse" word deur noukeurig geselekteerde onderwysers aangebied. "Leerders kan ook met die onderwysers terug kommunikeer, deur middel van web-tegnologie," vertel Van der Merwe. "Hulle praat terug en stuur opmerkings en antwoorde op vrae via SMS'e of die web. Hulle kan ook 'n 'call back' aanvra, dan sal die onderwyser die leerder op sy selfoon terugbel."

Hierdie projek is in 2010 geloods met slegs tien Wes-Kaapse skole wat daarvan deel was. Vandag is daar 147 skole in die Wes-Kaap, 69 skole in die Noord-Kaap en drie in die Vrystaat.

Van der Merwe sê die resultate van die projek is uiters positief. "Die matriekresultate van die 147 skole in die Wes-Kaap het verlede jaar met 10.9% gestyg. Die algehele slaagpersentasie van die Wes-Kaapse skole het met meer as 6% gestyg," vertel Van der Merwe. "Die projek is nie om enige onderwysers te vervang in skole nie, maar om addisionele ondersteuning aan graad 11 en 12 leerders te gee."